



31 Januarie 2018

Beste kollegas

In hierdie tyd van knellende droogte word gelowiges uitgedaag om hulle te verootmoedig en in gebed hulle vertroue op God te plaas vir hulp en uitkoms. In die Bybel sien ons immers dat woestyn- en swaarkrytje geleenthede geword het van diepe verootmoediging. Dit was ook in dié tye dat God sy roeping aan mense bekend gemaak het en hulle opnuut bewus geword het van hulle afhanklikheid van Hom.

Die moderature van die **NG Kerk in Wes-Kaapland, die VGK Kaapland, die NG Kerk in Oos-Kaapland, die Anglican Church of Southern Africa, die Congregational Kerk, die Presbiteriaanse Kerk en die Evangelical Lutheran Church of Southern Africa (ELCSA)**, doen nou 'n beroep op alle landsburgers om **14 Februarie 2018** 'n dag van verootmoediging te maak. 14 Februarie is Aswoensdag, die begin van die lydenstyd in die kerkjaar. Ons bede is dat in die lig van die droogte die hele lydenstyd vir die kerk van Christus 'n tyd van verootmoediging en gebed sal wees

Ons versoek gemeentes om op 14 Februarie vanaf 12:00 hulle **kerkklokke** vir 'n tyd te lui om sodoende almal in ons gemeenskappe op te roep tot gebed en verootmoediging.

Ons versoek ook gemeentes om deur die loop van hierdie dag in elke gemeenskap 'n **spesiale gebedsbyeenkoms** te hou. Ons versoek is dat hierdie gebedsinisiatief die gestalte van 'n gemeenskapsaksie sal aanneem. Ons versoek ook dat kinders op spesiale maniere betrek word. Gemeenteleiers sou ook met skole kon skakel in hierdie verband.

Ons sal in die komende week 'n skrywe rig aan gemeentes met **verdere wenke** oor die inhoud van die gebedsgeleenthede. 'n **Mediaverklaring** word ook in volgende week gedoen oor die **kerk se strategie van ondersteuning** ten aansien van die droogte.

Laat ons daagliks bid vir reën, maar met 'n leerbare hart, en 'n oop gemoed vir die leiding van die Heilige Gees oor elkeen van ons se roeping. Laat ons in hierdie tyd in vrede met mekaar en ander leef, mekaar bemoedig en mekaar in ons gebede dra. En laat ons hulp verleen aan elkeen wat die helpende hand van 'n naaste nodig het.

Nelis Janse van Rensburg
Voorsitter van die Moderamen
NG Kerk

